

GELUKSOORD

Tehuis vir Verswakte Bejaardes, Tarentaalweg, Stellenbosch, 7600

Geleë aan die voet van Papegaaiberg en 'n veilige landelike omgewing omring deur die natuurskoon eie aan Stellenbosch.

Die tehuis is 'n keurige tuiste vir verswakte bejaardes en ander kronies verswakte volwassenes.

Seniele en Alzheimer pasiënte word in 'n spesiale afdeling versorg.

Geluksoord word bestuur deur 'n gegradueerde vroue pastoor.

HUISVESTING

Geluksoord kan 80 inwoners huisves en bied die volgende fasiliteite:

Woonstelle vir persone wat hulleself nog tot 'n mate kan behelp.

Enkel- en dubbelkamers vir inwoners wat nie hoë sorg benodig nie.

Vierbedkamers vir die wat meer intensiewe sorg benodig.

'n Spesiale afdeling vir seniele inwoners en diegene met Alzheimer se siekte.

Tydlike versorging gedurende die herstelperiode van persone na 'n operasie of ernstige siekte.

© Geluksoord
Bestuurder: Mev. I.J. van Wyk, Tel. 021 – 8873124
Maart 2010

DIENSTE

Geluksoord bied volle losies aan met 24 uur verpleegsorg van

uitmuntende gehalte onder toesig van 'n

Verpleegdiensbestuurder en opgeleide verpleegkundiges 24 uur aan diens.

Geurige, voedsame maaltye word op die perseel berei.
Voorsiening word gemaak vir dieëte en spesiale behoeftes.

Drie maaltye per dag word bedien met tee en koffie tussen-in.

Tydlike versorging vir persone gedurende afwesigheid van die versorger tuis – vir 'n dag, 'n naweek of langer om aan te sterk na 'n operasie of ernstige siekte.

Kamers en woonstelle word gereeld skoongemaak.

Pastorale sorg word deur die onderskeie kerklike denominansies verskaf.

Stellenbosch biblioteek lewer gereeld 'n diens by die tehuis.

Die Vriende van Geluksoord is 'n vrywillige organisasie wat 'n liefdesdiens hier lewer om in die inwoners se sosiale behoeftes te voorsien. Hulle bedryf ook 'n haarsalon vir die inwoners van Geluksoord.

MEDIESE EN PARAMEDIESE DIENSTE

Stellenbosch beskik oor algemene praktisyns, spesialiste, tandoartse, arbeidsterapeute en fisioterapeute.

Geluksoord is 10 min. vanaf die Provinsiale Hospitaal en 5 min. vanaf Stellenbosch Medi-Clinic.

© Geluksoord
Bestuurder: Mev. I.J. van Wyk, Tel. 021 – 8873124
Maart 2010

Diegene wat nie aan 'n mediese skema behoort nie en kwalifiseer kan van die Distriksgeneesheer se dienste, Stellenbosch Hospitaal en Cloetesville Kliniek gebruik maak.

Geneeshere besoek hul pasiënte by die tehuis wanneer nodig.

Hier is 'n goed toegeruste vetrek vir fisioterapeute om hul pasiënte hier te behandel.

'n Arbeidsterapeut lewer 'n diens 2 maal per week.

INWONERSGELDE

Die inwonersgelde dek die volgende:
Versorging van die inwoner.

Drie maaltye per dag met tee of koffie gedurende die dag en saans.

Spesiale diëte.

Wasgoed daaglik gewas en gestryk.

Skoonmaak van kamers en woonstelle.

Haarversorgingsdienste.

Stellenbosch beskik oor algemene en spesialis medici, tandartse, fisioterapeute, arbeidsterapeute, 'n Provinsiale hospitaal en Stellenbosch Medi-Clinic Privaat hospitaal.

Vir verdere besonderhede skakel die Bestuurder :

Mev. I.J. van Wyk,
Tel. 021 – 8873124